SimpleStudy®

# PROVINSIALE EKSAMEN

# JUNIE 2022

# GRAAD 10

## REKENINGKUNDE

EXEMPLAR

**TYD:** **2½ uur**

**PUNTE:** **200**

**11 bladsye + ’n formuleblad en ’n antwoordboek van 11 bladsye**

| Vraag | Besonderhede | Punte | Tyd in minute |
|---|---|---|---|
| 1 | Konsepte en Ontleding van Transaksies | 40 | 30 minute |
| 2 | Salarisse en Lone | 50 | 38 minute |
| 3 | Algemene Joernaal | 23 | 17 minute |
| 4 | Krediteure Versoening en Interne Kontrole | 43 | 32 minute |
| 5 | Algemene Grootboek en Interne Kontrole | 44 | 33 minute |
| **Totaal** | | **200** | **150 minute** |

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Beantwoord al die vrae in die ANTWOORDBOEK verskaf.
3. Toon ALLE berekeninge om deelpunte te verdien.
4. Nie-programmeerbare rekenaars mag gebruik word.
5. Jy mag blou of swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. ŉ FORMULEBLAD vir finansiële aanwysers is agter aan hierdie vraestel voorsien. Jy kan dit gebruik soos benodig.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel wanneer vrae beantwoord word.
9. Probeer om NIE af te wyk van die tyd wat per vraag toegeken is NIE.

| **VRAAG 1: 40 punte ; 30 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp** | **Die vraag integreer:** |
| Konsepte en Ontleding van Transaksies | Konsepte<br>Ontleding van Transaksies van ŉ Eenmansaak |

| **VRAAG 2: 50 punte ; 38 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp** | **Die vraag integreer:** |
| Salarisse en Lone | Konsepte van Salarisse en Lone<br>Salarisjoernaal |

| **VRAAG 3: 23 punte ; 17 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp** | **Die vraag integreer:** |
| Algemene Joernaal | Boekhouding inskrywings |

| **VRAAG 4: 43 punte ; 32 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp** | **Die vraag integreer:** |
| Krediteure Versoening en Interne Kontrole | Versoening van krediteure<br>Interne Kontrole |

| **VRAAG 5: 44 punte ; 33 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp** | **Die vraag integreer:** |
| Algemene Grootboek en Interne Kontrole | Algemene Grootboek<br>Interne Kontrole |

EXEMPLAR

## VRAAG 1: KONSEPTE EN ONTLEDING VAN TRANSAKSIES

**(40 punte ; 30 minute)**

1.1 **KONSEPTE**

Kies die korrekte woord(e) uit KOLOM B wat pas by die beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraaagnommers (1.1.1 – 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.6 F. (5)

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | ŉ Voorbeeld van ŉ nie-bedryfsbate. | A | Regverdigheid |
| 1.1.2 | Die bestuur van ŉ besigheid behoort werknemers dieselfde te behandel ongeag van hul posisies. | B | Proefbalans |
| 1.1.3 | ŉ Opsomming van saldo's en totale geneem uit al die grootboekrekeninge van ŉ besigheid. | C | AARP |
| 1.1.4 | Bates wat omgeskakel kan word in kontant binne ŉ 12 maand periode. | D | Vaste Deposito |
| 1.1.5 | Algemeen aanvaarde riglyne wat gevolg word wanneer finansiële rekords opgestel word vir verslagdoening. | E | Bedryfsbates |

1.2 **ONTLEDING VAN TRANSAKSIES**

Die volgende transaksies vir Maart 2022 het in die boeke van Naledi Handelaars verskyn. Die besigheid koop en verkoop elektriese toerusting aan klante. Naledi Handelaars maak van ŉ 80% winsopslag op kosprys gebruik.

**GEVRA:**

Ontleed die volgende transaksies volgens die opskrifte verskaf in die ANTWOORDBOEK. (35)

**NOTA:** Die besigheid het ten alle tye ŉ gunstige banksaldo.

Voorbeeld: Betaal R. Motloung R500 kontant vir die was van die gebou se vensters.

EXEMPLAR

**TRANSAKSIES:**

1.2.1 Koop goedere op krediet van Ralefe Winkels vir R10 800 min 10% handelskorting.

1.2.2 Betaal R450 uit die kleinkas aan RSA Verspreiders vir goedere gelewer aan 'n debiteur, S. Small. Debiteer sy rekening met die bedrag.

1.2.3 Verkoop goedere op krediet aan K. Samuels vir R4 500 en reik 'n faktuur uit.

1.2.4 'n Drukker wat op krediet gekoop is vir kantoorgebruik van Rossouw Handelaars vir R2 400 in Februarie 2022 is foutief. Na bespreking met Rossouw Handelaars, is die drukker teruggestuur aan hulle. Geen inskrywing is vir hierdie transaksie gedoen nie.

1.2.5 Ontvang R3 400 van K. Abrahams ('n debiteur) ter vereffening van haar rekening van R3 500.

1.2.6 'n Lening terugbetaling van R44 000 aan Perm Bank, sluit rente teen 10% per jaar, vir een jaar in. Fondse is per EFO betaal.

| **Totale Punte** |
|---|
| **40** |

EXEMPLAR

EXEMPLAR

**VRAAG 2: LONE EN SALARISSE** **(50 punte ; 38 minute)**

## 2.1 LONE – HILLTOP VERPAKKING

Hilltop Verpakking het slegs een werknemer, Jonas Shibangu. Hy word weekliks betaal. Die inligting is ŉ uittreksel van die week geëindig 22 April 2022.

**GEVRA:**

Gebruik die inligting wat hieronder verskaf word om die volgende vrae te beantwoord.

2.1.1 Noem TWEE verskille tussen *salarisse* en *lone*. (4)

2.1.2 Aan watter organisasie word LBS betaal? Skryf jou antwoord volledig uit. (1)

2.1.3 Wat is die verskil tussen *aftrekkings* en *bydraes*? (4)

2.1.4 Bereken die totale aantal oortydure wat Jonas vir die week gewerk het. (6)

2.1.5 Noem die statutêre of wetlike aftrekking wat nog NIE afgetrek is van Jonas se loon NIE. Moenie jou antwoord afkort nie. (1)

2.1.6 Verwys na VRAAG 2.1.5. Hoeveel moes van Jonas se loon afgetrek geword het? (2)

2.1.7 Verwys na VRAE 2.1.5 en 2.1.6. Hoeveel is verskuldig aan die Departement van Arbeid aan die einde van die maand? (Aanvaar daar is vier weke in die maand.) (2)

**INLIGTING**

A. Jonas se normale tyd tarief is R13,50 per uur en as hy oortyd moet werk verdien hy R20,25 per uur.

B. Die volgende is ŉ uittreksel van sy lone verdien vir die week 18 tot 22 April 2022.

| | |
|---|---|
| **Lone** | |
| Normale tyd | 32 ure |
| Oortyd | ? |
| Totale loon (normale tyd en oortyd) | R675,00 |
| **Aftrekkings** | |
| Mediese fonds | R125,00 |
| Pensioenfonds (7,5% van basiese loon) | ? |

2.2 **SALARISJOERNAAL**

**RAPID REALTORS**

Rapid Realtors verkoop huise. Hulle het twee verkoopsverteenwoordigers in diens, J. Smith en H. Sonum, wat dieselfde basiese salaris en ŉ kommissie van 0,5% verdien vir elke huis wat hul verkoop. Kommissie word slegs verdien sodra al die dokumente vir die verkoop deur beide die koper en die verkoper geteken is.

**GEVRA:**

2.2.1 Voltooi die Salarisjoernaal vir Maart 2022 in die ANTWOORDBOEK voorsien. (30)

**INLIGTING**

A. Op 01 Maart het J. Smith ŉ huis vir R500 000 verkoop. Al die verkoop- en oordragdokumente is op 27 Maart geteken.

B. H. Sonum het ŉ huis op 25 Maart vir R800 000 verkoop. Die dokumente is op 05 April 2022 geteken.

C. Beide werknemers behoort aan ŉ mediesefonds. Die totale premie betaalbaar aan die mediesefonds vir elke lid beloop R2 700 per maand. Rapid Realtors het ingestem om dubbel die bedrag wat die werknemers betaal by te dra.

D. Pensioenfondsbydrae is 15% per maand op hul basiese salaris. Die werknemers betaal 7,5% terwyl die werkgewer die res bydra.

E. WVF aftrekkings en bydraes word volgens statutêre vereistes gedoen.

| **Totale Punte** |
|---|
| **50** |

EXEMPLAR

**VRAAG 3: ALGEMENE JOERNAAL** **(23 punte ; 17 minute)**

3.1 Die onderstaande inligting vir Desember 2021 is geneem uit die boeke van Jevon Winkels. Die besigheid word deur J. Mahlangu besit.

**GEVRA:**

Boekstaaf die transaksies in die Algemene Joernaal vir Desember 2021, en sluit die joernaal behoorlik af. (23)

**Verwys na die onderstaande INLIGTING**:

**NOTA:** Joernaalbeskrywings/redes is nie nodig nie.

**INLIGTING**

**A. Voorlopige totale**

| **Algemene Joernaal** | | | |
|---|---|---|---|
| **Debiteurekontrole** | | **Krediteurekontrole** | |
| Debiet | Krediet | Debiet | Krediet |
| 825 | 116 | 268 | 384 |

**B. Transaksies op 31 Desember 2021**

(i) ŉ Debiteur, G. Molefe, wat R2 400 skuld, is insolvent verklaar. Sy boedel betaal 40c uit elke rand. (Dit is reeds in die boeke van die besigheid geboekstaaf.) Die res moet as oninbaar afgeskryf word.

(ii) Dra ŉ debietsaldo van R280 in M. Naude se rekening in die Debiteuregrootboek oor na sy rekening in die Krediteuregrootboek. M. Naude is beide ŉ klant en ŉ verskaffer van Jevon Winkels.

(iii) Die eienaar, J. Mahlangu neem handelsvoorraad teen kosprys van R1 200. Die transaksie is nog nie geboekstaaf nie.

(iv) Die besigheid het ŉ bedrag van R35 000 van RSA Bank per EFO ontvang vir ŉ vaste deposito wat verval het op 31 Desember 2021. Ingesluit in die bedrag is rente op vaste deposito van R3 000. Die totale bedrag van R35 000 is na die Vaste Deposito Rekening gekrediteer. Stel die fout reg.

(v) Goedere teruggestuur deur G. Chetty (ŉ debiteur) soos per kredietnota van R280, is foutiewelik na die rekening van G. Levy (ŉ debiteur) oorgeboek.

(vi) Hef rente van 6% per jaar, vir drie maande op die agterstallige rekening van M. Smith, hy skuld die besigheid R6 800.

| **Totale Punte** |
|---|
| **23** |

EXEMPLAR

**VRAAG 4: KREDITEURE VERSOENING EN INTERNE KONTROLE**
**(43 punte ; 32 minute)**

4.1 **BLUE WATER HANDELAARS**

Die boekhouer van Blue Water Handelaars het foute gemaak met die oorboeking na die Krediteurekontrole Rekening op 31 Maart 2022. Die saldo in die Kontrolerekening het nie ooreengestem met die Krediteurelys onttrek uit die Krediteuregrootboek nie.

**GEVRA:**

Neem die foute en weglatings voorsien in **INLIGTING C** in ag en voltooi die volgende:

4.1.1 Stel die korrekte Krediteurekontrole Rekening vir Maart 2022 in die Algemene Grootboek op. Saldeer daarna die rekening. (17)

4.1.2 Stel die korrekte krediteurelys soos op 31 Maart 2022 op. (18)

**INLIGTING A**

**ALGEMENE GROOTBOEK VAN BLUE WATER HANDELAARS**

| **BALANSSTAAT REKENINGE AFDELING** | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **DT** | | | | **KREDITEUREKONTROLE** | | | | **B6** | **KT** |
| Mrt | 31 | Bank en Korting ontvang | KBJ | 34 250 | Mrt | 01 | Saldo | a/b | 4 380 |
| | | Joernaal debiete | AJ | 3 290 | | 31 | Krediteure Afslag | KAJ | 2 108 |
| | | Saldo | o/b | 15 038 | | | Totale aankope | KJ | 44 800 |
| | | | | | | | Joernaal krediete | AJ | 1 290 |
| | | | | **52 578** | | | | | **52 578** |
| | | | | | Apr | 01 | Saldo | a/b | 15 038 |

**INLIGTING B**

| **KREDITEURELYS SOOS OP 31 MAART 2022** | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Debiet** | **Krediet** |
| PE Handelaars | | 3 890 |
| Together Winkels | | 1 300 |
| Lindiwe Handelaars | | 4 512 |
| Nommer Een Motors | | 3 100 |
| Frans Verspreiders | 260 | |
| | 260 | 12 802 |

EXEMPLAR

**INLIGTING C**

**FOUTE EN WEGLATINGS**

(i) Faktuur 154 vir R1 480, ontvang van Together Winkel is oorgeboek na die rekening van Lindiwe Handelaars in die Hulpgrootboek.

(ii) Die besigheid het besluit om die saldo van Frans Verspreiders na die Debiteure Grootboek oor te plaas. Geen inskrywing is nog gemaak nie.

(iii) Faktuur 278 ontvang van PE Handelaars vir handelsware op krediet gekoop vir R2 300 is foutiewelik in die Krediteurejoernaal as R3 200 geboekstaaf.

(iv) Die besigheid het sommige onderdele ter waarde van R860, wat aangekoop was vir die afleweringsvoertuig, teruggestuur aan Nommer Een Motors. Die bedrag is korrek geboekstaaf in die Krediteure Afslagjoernaal maar is as kredietaankope na die Krediteuregrootboek oorgeboek.

(v) PE Handelaars verskaf goedere aan Blue Water Handelaars en koop ook by Blue Water Handelaars. Die debietsaldo van R640 in hul rekening in die Debiteuregrootboek moet oorgeplaas word na hul rekening in die Krediteuregrootboek.

4.2 **INTERNE KONTROLE**

Blue Water Handelaars koop goedere op grootmaat van Lindiwe Handelaars. Die voorraad ontvang vanaf Lindiwe Handelaars sluit gewoonlik goedere in wat beskadig is of nie bestel is nie.

Goedere aangekoop van Lindiwe Handelaars word ook laat afgelewer en Blue Water Handelaars het as gevolg daarvan klante verloor. Blue Water Handelaars het besluit om van verskaffer te verander omdat hulle geen korting van Lindiwe Handelaars ontvang nie.

4.2.1 Verskaf TWEE interne kontrole maatreëls wat deur Lindiwe Handelaars geïmplementeer kan word om voorraad effektief te bestuur. (4)

4.2.2 Stel aksies voor wat geneem behoort te word deur Lindiwe Handelaars om sy klante te behou. Verskaf TWEE punte. (4)

| Totale Punte |
|---|
| 43 |

EXEMPLAR

## VRAAG 5: KONSEPTE, ALGEMENE GROOTBOEK EN INTERNE BEHEER
**(44 punte ; 33 minute)**

### 5.1 KONSEPTE

Dui aan of die volgende stellings WAAR of VALS is. Skryf slegs 'Waar' of 'Vals' langs die nommers (5.1.1 – 5.1.4) in die ANTWOORDBOEK. (1 x 4) (4)

5.1.1 Volgens die historiese koste beginsel, moet handelsvoorraad wat aangekoop word, teen kosprys geboekstaaf word.

5.1.2 Wanneer 'n debiteur 'n kredietlimiet van R10 000 het, beteken dit dat R10 000 die maksimum bedrag is waarvoor hy goedere en dienste op krediet mag koop.

5.1.3 Die omsigtigheidsbeginsel word toegepas wanneer die besigheid voorsiening maak vir bekende uitgawes of verliese om oorstatering van wins te voorkom.

5.1.4 Om debiteure se kredietwaardigheid te evalueer voordat goedere op krediet verkoop word is 'n goeie interne kontrole maatreël wat 'n besigheid toepas.

### 5.2 ALGEMENE GROOTBOEK EN INTERNE KONTROLE

**Solly Groothandelaars**

Die boekhouer van Solly Groothandelaars is skielik in die hospitaal opgeneem en hy kon sommige van die Algemene Grootboekrekeninge vir Mei 2022 nie voltooi nie. Hy het die Algemene Joernaal na die Algemene Grootboekrekeninge oorgeboek. Die besigheid gebruik 'n winsopslag van 100% op kosprys.

**GEVRA:**

5.2.1 Voltooi en saldeer die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek vir Mei 2022:

- Debiteurekontrole rekening (10)
- Handelsvoorraadrekening (16)
- Skryfbehoeftes (8)

5.2.2 Die eienaar van Solly Groothandelaars het opgemerk dat sommige debiteure nie aan die kredietterme, soos kontraktueel met die besigheid ooreengekom is, voldoen nie.

(a) Verduidelik die betekenis van die konsep *kredietterme*. (2)

(b) Verskaf TWEE maatreëls wat deur die besigheid geïmplementeer kan word om vroeë betalings aan te moedig. (4)

b.o.

EXEMPLAR

**INLIGTING**

**Totale in die Hulpjoernale vir Mei 2022:**

| **Kontantontvangstejoernaal** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Bank | Verkope | Koste van Verkope | Korting Toegestaan | Debiteure-kontrole | Lopende inkomste |
| 88 400 | 44 000 | 22 000 | 270 | 4 280 | ? |

| **Kontantbetalingsjoernaal** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Bank | Handels-voorraad | Korting Ontvang | Krediteure-kontrole | Lone | Skryf-behoeftes |
| 65 350 | 27 900 | 620 | 36 510 | ? | 1 620 |

| **Debiteurejoernaal** | |
|---|---|
| Verkope | Koste van Verkope |
| 12 800 | 6 400 |

| **Debiteure Afslagjoernaal** | |
|---|---|
| Debiteure Afslag | Koste van Verkope |
| 1 200 | 600 |

| **Krediteurejoernaal** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Krediteure-kontrole | Handelsvoorraad | Skryf-behoeftes | Verpakkings-materiaal | Diverse Rekeninge |
| 58 400 | 25 990 | 1 500 | 2 300 | ? |

| **Krediteure Afslagjoernaal** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Krediteure-kontrole | Handels-voorraad | Skryf-behoeftes | Verpak-kings-materiaal | Diverse Rekeninge |
| 6 900 | 4 800 | 175 | ? | 1 155 |

| **Kleinkasjoernaal** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Kleinkas | Handels-voorraad | Debiteure-kontrole | Skryf-behoeftes | Diverse Rekeninge |
| 960 | 380 | 280 | 150 | ? |

| **Totale Punte** |
|---|
| **44** |

**TOTAAL: 200**

**EINDE**

EXEMPLAR

| GRAAD 10 REKENINGKUNDE – FINANSIËLE AANWYSERS – FORMULEBLAD | | |
|---|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | |
| Bedryfsbates : Bedryfslaste | (Bedryfsbates - Voorraad) : Bedryfslaste | |
| (Handels- en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente) : Bedryfslaste | | |
| $\frac{\text{Netto wins}}{\text{Eienaarsekwiteit}} \times \frac{100}{1}$ | Totale bates : Totale laste | |

EXEMPLAR